

SIMONIS (A. E. J.): DIE VERBUIGING VAN DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD IN DIE AFRIKAANS, MET
VERWYSING NA DIE WERK VAN N. P. VAN WYK LOUW.

A. E. J. SIMONIS

Skripsie aangebied ter Gedeeltelike Voldoening aan die Vereistes
vir die Graad M.A. in Nederlands en Afrikaans, aan die Universiteit
van Kaapstad.

1947.

The University of Cape Town

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

Die Verbuiging van die Byvoeglike Naamwoord in die Afrikaanse Spreektaal met Spesiale Verwysing na die werk van N.P. van Wyk-Louw.

H OOFSTUK I.

Die Verbuiging van die Byvoeglike Naamwoord in die Afrikaanse Spreektaal

By die mens bestaan daar altyd die neiging om dinge nader te beskou en te ondersoek. En in sy taal maak hy veral gebruik van die bnw. om sy begrippe en voorstellings duideliker te omskryf. Ons vind dan ook die volgende definisie van die bnw. in die Nederlandsche Spraakkunst van Tinbergen: Bnw. is 'n woord, „ die een kenmerk noemen waardoor een zelfstandigheid nader wordt omschreven, zoodat we ons een scherper voorstelling er van kunnen maken " (bl. 121). En in sy Moderne Nederlandsche Grammatica (bl. 77 - 78), sê Overdiep: „ Een attributief adjectief staat als nadere bepaling bij een substantief; in deze verbinding heeft het den verbuigbaren vorm ... De eigenlijke functie van een adjectief is de onderscheiding van een eigenschap. De spreker kan zich daarbij verlaten op z'n zintuigen, op z'n verstandelijk oordeel, maar hij zal bovendien in hooge mate z'n gevoel laten meespreken"

In Afrikaans ondergaan hierdie bnw. soms verbuiging en soms nie, en dis juis op hierdie gebied waar daar nog so veel moeilikhede ondervind word, en wat in die volgende bladsye kortliks behandel sal word.

Wat aanleiding gegee het tot hierdie studie van die verbuiging van die bnw. in Afrikaans, is die opvallende verskille wat daar soms aangetref word tussen die verbuigings in die gewone alledaagse spreektaal en dié in die skryftaal. Gaan ons die grammatikaboeke na, dan vind ons slegs weinig omtrent hierdie onderwerp. In baie gevalle bestaan daar geen sekerheid nie. Daar is 'n paar algemene reëls, dog op elkeen is daar massa uitsonderings, waarvan baie nie eens met mekaar ooreenstem nie. Dis dus duidelik dat heelwat op hierdie gebied nog gedoen moet word. Hierdie ondersoek gee natuurlik lank nog nie 'n volledige beeld van die toestand nie, slegs 'n paar inleidende opmerkings en 'n paar kritiese beskouings.

Die bnw. word, wat betref sy verbuiging, in feitlik alle Afrikaanse grammatikaboeke verdeel in twee groepe:

- A. die eenlettergropiges, en
- B. die twee- of meerlettergropiges.

Hierdie indeling geskied op grond van die waarneming dat die twee- of meerlettergropiges in „ verreweg die meeste gevalle " (Malherbe), of „ in die reël, " of „ gewoonlik " (van Oostrum) verbuig, terwyl by die eenlettergropige bnwe. die slotklank

van die onverboë vorm van die bnw., verbuiging beïnvloed. Ons sien dus dat hierdie indeling op fonetiese grondslag berus. Slegs die bnwe. wat attributief gebruik word, ondergaan verbuiging, en verbuiging geskied in Afrikaans deur -e aan te voeg. Soos blyk uit byna al die grammatikaboeke, is dit uiters moeilik om eenvoudige, algemeen-geldige reëls vas te stel vir die verbuiging, omdat uitsonderings dikwels voorkom, of ander faktore as die fonetiese die reëlmaat verstoort. In 1936 skryf Langenhoven in verband met die e-lettergroepe bnw. in sy First Guide to Afrikaans, bl. 74: "Very often, in defiance of formal rules and exceptions, the E is added to monosyllabic adjectives for euphony, for emphasis, or to bring out a difference of meaning or shade of meaning;" en in sy Afrikaanse Taalboek (bl. 48) wys Prof. Malherbe daarop dat bnwe. wat in die gewone spreektaal onveranderd bly, onder sterk nadruk of in 'n oordragtlike betekenis verbuiging kan ondergaan. Hy haal die volgende voorbeelde ter illustrasie aan, 'n kwaai bul, en 'n kwaai duiwel. Volgens hom is dit veral in die vaste uitdrukkings waar die oordragtlike betekenis voorkom. Dikwels kry ons ook dat die bnw. in goeykte verbindings onverboë voorkom, waar dit in die gewone spreektaal verboë gebruik word. So byvoorbeeld praat ons van op geestelik gebied dog van geestelike onderrig. Gaan ons die grammatikaboeke na, dan vind ons lang lysse, dikwels baie onkrities, van sulke "afwykende" en "onvaste" vorme. Hiervan later meer.

Wat die beoordeling van die verbuiging van die bnw. so moeilik maak in Afrikaans, is die feit dat die gewone alledaagse spreektaal soms opvallend verskil van die ~~spreektaal~~ skryftaal. Vir die Afrikaanssprekende wat feitlik geen kennis van Nederlands het nie, is dit soms baie hinderlik. Uit die ondervinding weet ek hoe dat die ongewone verboë vorme in die werke van Totius, Gilliers en ander my gehinder het op skool. Hier is dit ongetwyfeld Nederlands invloed. Van die begin af het die Afrikaanse skryftaal sterk onder die invloed van die Nederlandse skryftradisie gestaan. In die geskifte van die Eerste Taalbeweging tref ons, in stryd met die Afrikaanse taalgebruik, talryke verboë vorme van die bnw. aan. In sy Afrikaanse Taalboek (1917), skryf Prof. Malherbe "als ons praat, als dit onbewus uitvloei, is alles in die haak; skrywe ons, dan werk die invloed van die Nederlandsche verboë vorme so sterk in, dat ons Foute maak" (bl. 42). Hy haal dan 'n paar voorbeelde aan uit die eerste geskifte: 'n grote pan, grote berge (ons Klijntjie); ryke ouders, witte arms ("Sewe Duiwels.")

Langsamerhand het daar 'n verbetering gekom, maar die spore van die Nederlandse invloed is nooit heeltemal uitgewis nie. Vandag het Nederlands veel minder kans om die taal van die Afrikaanse kind te beïnvloed, daar feitlik geen Nederlands meer geleer word nie. Nederlands bly egter nog altyd 'n belangrike voedingsbron van Afrikaans, en dikwels word Nederlandse bnwe. met buigingsuitgange en al in bepaalde woordgroepe in die Afrikaanse Skryftaal opgeneem. Dit is geen egte Afrikaanse verbuiging nie, en as die grammatikus dit dan as sulks behandel, gee hy 'n skewe beeld van die lewende Afrikaanse verbuiging. 'n Opvallende voorbeeld hiervan kry ons in die Handleiding vir Sekondêre Afrikaans - Leerlinge van C.P. van der Merwe, waar die skrywer op bls. 51 sê: „ Dit is baie moeilik om hier reëls neer te lê, aangesien die spreektaal dikwels so radikaal en konsekwent afwyk van die taal van die grammatikaboek“. Baie grammatici behandel dus die sogenaamde „ taal van die grammatikaboek “ met sy clichéagtige uitdrukkings en verbindings, in plaas van dit te verwerp en ons 'n beeld te gee van die taal soos dit kom uit die mond van die ongekunstelde spreker. In die voorbeelde wat moet dien as ~~as~~ illustrasie van reëls en in die lysie van uitsonderings en afwykings, kry ons dan 'n deureenmenging van natuurlike taal en dooie, boekagtige formules. Geen wonder dat dit dikwels gesê word dat die grammatika die dienares geword het van die logika en retorika nie. Hier moet geen sprake wees van logika nie. Dis die taal soos dit leef in die mond van die volk, wat ons moet interesseer.

Nog meer as in die prosageskifte het die Nederlandse voorbeeld h~~er~~ laat geld in die werk van die eerste Afrikaanse digters. As ons gedigte van Totius, Celliers, Malherbe en ander, uit die Tweede Beweging lees, sien ons hoe dat bnwe. verboë of onverboë gebruik is in ooreenstemming met Nederlands, en ongetwyfeld in stryd met die Afrikaanse taal. Uit die bekende Die Vlaakte van Jan Celliers kom die volgende voorbeelde:

- „ tot die yl-bloue bande van die ver-verre rande;“
- „ die puur al-omwewend asuur;“
- „ met dof-sware plof.“

In Die Laaste Aand van dieselfde digter kry ons:

" 'n diepe suggie;"

" stille sluimer;"

" reïne handjies."

Uit Die Brand van Celliers:

" al wenen d deur die la nge nag, al wenend om die verre dag"

Uit Totius se Die Ou Put en Psalm 130 kry ons die volgende voorbeelde:

" 'n diepe siel;"

" dan skyn 'n soete vrede."

Ook in die bekende Slaap van Malherbe vind ons 'n paar voorbeelde:

" Wat is die slaap 'n wondersoete ding!
" Sag op haar blou o" daal die vank."

Hoe sterk die Nederlandse invloed werklik is, sal ook blyk uit die onlangse ~~ver-~~ ~~tyd-~~ ~~telings~~ telings van die Psalms en Gesange, waar die aanvangsreëls van die welbekende Psalm 146. as volg lui:

" Prys die Heer met blye galme
O my siel daars ryke stof! "

Die gevolg was dat die gevoel vir die natuurlike verbuiging van die bnw. verstoep is, en in onbeholpe werk is die bnw. meermale verbuig sowel teen die Nederlandse as die Afrikaanse gebruik in, bloot terwille van die maat. Hierdie toestand moet noodwendig 'n kloof tussen die literêre taal en die spreektaal veroorsaak, wat uiters ongewens is. In sy Afrikaanse Taalboek skryf Prof. Malherbe: " Op gebied van die poësie word die bnw. terwille van die ritme stiefmoederlik behandel. Die digterlike vrijheid het hom hier steeds gehandhaaf. Dikwels word die moeilikheid voorkom deur samestelling van twee eenlettergrepige bnwe. waar die enkelvoud sou moet verbuig ~~wees~~ geword het, 'n gebruik wat egter die konsepsie sou benadeel, als dit nie natuurlik is nie. Maar dit sou seker verkeerd wees om ons digters hier aan bande te lê." (bl. 49). Geld hierdie opmerking van Prof. Malherbe ook nog vir die jonger geslag van Afrikaanse digters?

In hierdie studie van my het ek spesiale aandag gewy aan die verbuiging van die bnw. in die werk van N.P. van Wyk Louw. Ek het sowel sy prosageskrifte as sy poësie bestudeer, om waar nodig vergelykings te tref tussen die verskillende soorte werk. Ek het dit egter raadsaam geag om eers 'n algemene beeld van die verbuiging van die bnw. in die Afrikaanse spreektaal te gee, en ook 'n kritiese studie te maak

van die ^{5.}verbuiging soos aangegee in die bestaande Afrikaanse grammatikaboeke. Veral die gevalle waaromtrent daar "onvastheid" heers in die spreek- en skryftaal, het my geïnteresseer. Ek skets dus eers die agtergrond waarteen die verbuiging van die bnw. soos dit voorkom in die werk van N.P. van Wyk Louw, gesien moet word.

A. Eenlettergrepige Byvoeglike Naamwoorde.

In die meeste Afrikaanse grammatikaboeke (byvoorbeeld Bouman en Pienaar, Potgieter, Van der Merwe,) word as algemeen reël geges dat eenlettergrepige bnwe. wat in die predikatiewe vorm op d, f, g, of s uitgaan, 'n -e kry as hul attributief gebruik word. Malherbe en Van Oostrum se dat eenlettergrepige bnwe. op d, f, g verbuig word. Botha en Burger formuleer die reël anders, en se dat alle eenlettergrepige bnwe. wat op 'n oorspronklike stemhebbende konsonant eindig, verbuig word. Dog wat dan van sulke woorde soos dowwe en lawwe? Hul ondergaan tog verbuiging alhoewel hul op 'n stemlose konsonant uitgaan in die verboë vorm. Botha en Burger verklaar dit as woorde gevorm na analogie van vorme soos dowe. Ook is dit nie vasstaande dat bnwe. op oorspronklike stemlose s in die reël onverbuig bly nie, en dié op oorspronklike stemhebbende z verbuig word nie. Dit lyk dus die verstandigste om die bnwe. op -s apart te beskou soos Malherbe en Van Oostrum gedoen het.

a-) Byvoeglike naamwoorde op -d.

Bnwe. met 'n medeklinker of klinker voor -d neem altyd die buigings -e, b.v. 'n harde klip. Gaan 'n lang klinker of 'n tweoklank die -d vooraf, dan word die bnw. ook nog verbuig, en die intervokalisiese (d) val weg, b.v. 'n wye draai. In wrede en snode val die (d) egter nie weg nie. Vir my gevoel is albei meer literêre as algemeen (wat voorkom naas koue en goeie) engeer gebruiklike woorde. Goed beskou is die vorme ou, kon en dooi (wat net voorkom in die samkoppeling goeinaag, goeinaand, goeimiddag, goeinôre naas goeie in alle ander verbindings) geen uitsonderings op die reël nie, soos Botha en Burger wel meen. In oorsprong is hulle almal verboë vorme wat langs fonetiese weg of deur analogie die buigings -e verloor het.

b) Byvoeglike naamwoorde op -g.

Die bnwe. op -g moet verdeel word in twee groepe, naamlik dié wat in Afrikaans uitgaan op (x), wat afkomstig is van die stemhebbende (g) in Nederlands, en dié wat in Afrikaans uitgaan op (X), wat afkomstig is van die oorspronklike (x^c) soos nog in Nederlands die geval is. In die verboë vorme van die laaste groep het die) -t

nie in die auslaut gestaan nie, en is dus behou: ligte, sagte, ens. Die verbuiging van hierdie groep is oor die algemeen baie vas: digte, egte, ligte, sagte, slegte. Ek weet van slegs een afwykende vorm wat soms gehoor word: 'n sleg vent. By hierdie vorm word die onverboë vorm baie sterk beklemtoon. Die groep bnwe. wat ook in Nederlands op -g uitgaan en wat gewoon is in Afrikaans, het 'n lang vokaal of diftong (œy) of (u) voor die (x). Hul ondergaan verbuiging en die () val weg: droë, hoë, lae, ruie, trae, vae, vroeë. Die verbuiging is hier vas, behalwe dat ruig ook onverboë voorkom soos bv. in 'n ruig wêreld. Volgens Malherbe kom hierdie vorm veral voor in die Vrystaat. (bl. 46) Ook word moeg of moë attributief gebruik, 'n gebruik wat egter nog jonk is in Afrikaans en nog altyd effens ongewoon klink. Opmerklik is dit dat moeg os meer Afrikaans klink as moë os. Streng gesproke mag ons nie moeg in hierdie groep van bnwe. plaas nie, omdat in Nederlands die predikatiewe vorm moe is en dus nie op 'n g uitgaan nie. Waar ons in Afrikaans vuige lyster (verboë en met behoud van die (x)) of 'n voeg teken (onverboë) gebruik, is dit ongetwyfeld Nederlandse invloed.

Naas die bogenoemde woorde is daar drie woorde met kort vokaal in die stam, wat nog betreklik jong ontlennings uit Nederlands is, nl. log, stug, en vlug. Omtrent hul verbuiging of nie bestaan daar lank nog nie sekerheid nie. Botha en Burger praat van 'n vlug hardloper (bl. 73), Booyen e.a. en van der Merwe van logge ge-vaartes, vlugge voete. In die Woordelys van die Suid-Afrikaanse Akademie word by log geen verboë vorm aangegee nie, terwyl stug en vlug verboë sowel as ~~verboë~~ onverboë voorkom. Volgens Bosman en van der Merwe (Tweetalige Skoolwoordeboek) word vlug verbuig, terwyl log en stug met of sonder die -g voorkom. Hierdie woorde word selde of nooit in die spreektaal gebruik nie, vandaar die onsekerheid omtrent verbuiging of nie. Die verboë vorme met behoud van die intervokaliëse (x) klink vir ons onafrikaans in vergelyking met neervoudsvorme soos sôe, brûe in plaas van soege en brugge,

(c) Byvoeglike naamwoorde op -f.

Die bnwe. wat uitgaan op f in Afrikaans waar ons in Nederlands die stemhebbende (v) kry, neem altyd 'n -e, dus: gawe, dowe, liewe, halwe. Die bnwe. op 'n oorspronklike Nederlandse (f) verbuig ook, die klinker is kort, en ons kry in Afrikaans 'n verdubbeling van die konsonant wat stemhebbend word, bv. dowwe, grouwe, lawwe, strawwe. Net twee bnwe: lewer moedlikheid op, nl. muf en suf, albei dus met (œ) in die stam voor 'n oorspronklike stemlose (f) wat in Nederlands ook in die ver-

-buiging onveranderd bly. Die onverboë vorme van nuf en suf skryf Botha en Burger daaraan toe dat hul later ontlonings uit Nederlands is (bl 73), en dus nie so algemeen gebruiklik is nie. luf, in predikatiewe funksie, is egter al 'n ou woord in Afrikaans, en persoonlik het ek ook al nuwe reuk in die spreektaal gehoor. Die Akademiese Woordelys gee ook suwe aan. Dit is egter opmerklik dat as dergelyke woorde in jonger tyd ook attributief gebruik word, die neiging in Afrikaans is om dit onverbuig te laat. (Vgl. moeg hierbo.)

(d) Byvoeglike naamwoorde op -s.

Die skrywers van die Afrikaanse grammatikas het hier baie moeilikhede ondervind. Sommige gee as algemene reël dat hulle verbuig word, ander weer dat hul in die reël onverbuig voorkom. En by albei groepe kry ons massa uitsonderings en spesiale gevalle. Dit lyk asof ons as vaste reël kan aanneem dat as (s) vir 'n oorspronklike Nederlandse (st) staan, die bnv. verbuig, natuurlik met behoud van die t wat in die verboë vorm nie in die auslaut gestaan het nie en dus nie kon verlore gaan nie, dus: juiste, meeste, vaste, woeste. As bnv. afgelei is van selfstandige naamwoorde, word dit altyd verbuig, soos bv. Dietse, Griekse, Hollandse, Joodse, Roomse, ens. (Ons kan ook hier noem die bnv. snaak wat nie meer in Afrikaans bestaan nie.) In baie grammatika-boeke word as reël gegee dat as die bnv. op -s voorafgegaan word deur een van die skerp, stemlose medeklinkers (p), (t), of (k), verbuiging gereeld plaasvind, dus fluks, hupse, ratse, steekse, trotse. Dikwels hoor ons egter ook in die gewone spreektaal van 'n fluks student, 'n fluks kêrel, en die baie algemene 'n steeks perd, sodat dit gladnie 'n vasstaande reël is nie. Uit die grammatika-boeke sowel as uit die materiaal deur myself versamel blyk dit dat eenlettergrepige bnv. op 'n oorspronklike -s in die algemene spreektaal onverboë voorkom. Byvoorbeeld bros brood, 'n blas kleur, 'n fris soep, grys hare, 'n hees stem, 'n los riem, 'n nors kind, 'n skaars artikel, 'n stuurs vent, vars brood, 'n voos lemoen, 'n wys vrou, ens. Party van hierdie woorde kom egter ook nog verboë voor, dus: 'n Norse antwoord, skaarse artikel, 'n stuurse vent.

In sy Taalboek (bl. 46) wys Prof. Malherbe daarop dat vals in „og-Afrikaanse uitdrukkings“ onverbuig bly (bv. vals gate, 'n vlas boom), dog 'n -e kry in verbuigings soos 'n valse eed, 'n valse profet ens. Hy meen dat ritme miskien 'n rol speel. Ook praat ons van op losse voet. Booyson en ander beweer dat as die s voorafgegaan word deur 'n lang vokaal, die verbuiging baie onvas is: 'n voos lemoen, 'n boos gesig

Maar sulke verbindings soos broselewe, teenoor dwase planne, brose lewe, aryse ouderdom, wyse raad, met rasse skrede, behoort nie tot die gewone Afrikaanse spreektaal nie. Aan die ander kant word dwaaas ook dikwels onverboë voor selfstandige naamwoorde gebruik. Woorde soos kies, kuis ens. kom ook selde voor in die alledaagse taal (kiesse taal, 'n kuisse lewe). Nederlandse invloed geld gewoonlik hier.

(c) Byvoeglike naamwoorde wat uitgaan op p, t, k, l, n, n; ng, r, vokaal of diftong.

Hier vind gewoonlik geen verbuiging plaas nie as die woorde gebruik word in vry verbindings in die gewone spreektaal, in betekenis wat as die etimologiese kan beskou word, en sonder spesiale gevoelswaarde. Tallose voorbeelde kan gegee word om hierdie algemene reël te bevestig.

Op - p: diep gat, knap student, lomp beweging, pap vrugte, ryp vrugte, skerp stok, slap toue, stom messe. (Ons praat egter van stipte sandag omdat in die predikatiewe vorm stip die t verlore gegaan het.)

Op - t: bont rok, groot huis, kort tydjie, leat vrugte, mat gesig, mat straat, plat sak, plat neus, soet kos, sout water, stout kind, swart koffie, vet vrou, vat perske, 'n wit roos.

Op - k: bleek gesigte, blink borde, dik mans, gek mense, mak skape, ryk mense, siek kinders, sterk toue, sak seuns, vlek water. (Die vorme naakte in bv. 'n naakte liggaan kom egter voor, omdat in die predikatiewe vorm naek die t verlore gegaan het)

Op - l: geel kleur, 'n heel hoed, kaal bene, koel winde, mal mense, skraal mans, smal straat, stil dorp, 'n vaal rok, vol beker, vol maan, vuil klere, yl beard.

Op - m: dom seun, klaar aarde, krom bene, lan bene, skaam meisie, slim seun, 'n stom kind, straal bene, 'n vroom vader. Hierby kan ons ook nog reken die bnwe. op -lm, -rm al word hul soms as tweellettergreppige bnwe. beskou: arm mense, kalm see, skelm dief, warm water.

Op - n: bruin blare, dun rok, fyn glasgoed, groen gras, klein kindjie, skoon rok.

Op - ng: 'n bang man, 'n jong seun, 'n lang jaar, 'n streng vader.

Op - r: 'n baar kaffer, 'n oor landstrak, duur rok, g aar kos, seer voete, suur smaak, swaar vraag, teer plek, waar verhaal, ver afstand.

Op 'n diftong: blou berg, bly mense, flou tee, lou water, lei klip, lui vrou, nou rok, rou groente, sy rok, teei vleis, vry voël.

Hierby kan ons ook nog noem kwaai en rooi, omdat kwaai en kwaad heeltemal van mekaar gedifferensieer is en die predikatiowe vorm rood nie meer in Afrikaans voorkom nie. ~~OX~~

Op 'n vokaal: Hier kom slegs drie woorde in aanmerking, naamlik ru, slu, sku. Hulle is egter belangrik omdat hulle in Nederlands op -w uitgaan. Die woord ru is vir 'n groot gedeelte verdring deur die anglisistiese rof, en slegs in die verbinding ru - gare vind ons nog die ou betekenis terug. Sku word selde attributief gebruik, en slu is nog 'n betreklik jong ontlening uit Nederlands.

Ons vind dat in die omgangstaal daar 'n hele aantal spesiale gevalle is waar die bnw. op p, t, k, l, m, n, ng, r, vokaal of diftong vel verbuiging ondergaan. Hier het ons dan meestal te doen met vaste verbindings of gevykte uitdrukkings of met woorde wat in hul verboë vorme 'n afgeleide, soms oordragtelike betekenis het. Dikwels word die verboë vorme ook gebruik om 'n sekere gevoelswaarde uit te druk, om iets te beklemtoon, dus om 'n spesiale effek te bereik. Let bv. op die verskil tussen 'n lui man en 'n luie vabond; 'n stout kind en jou stoute kind! Dikwels kom meer as een faktor hierby te pas, sodat dit moeilik is om die voorbeelde te groepeer. Hier moet ons ook let op die sterk invloed van Nederlands. Baie van hierdie vorme is net so uit Nederlands oorgeneem. Dit kon meer invloed uitgeoefen het op die vorm van die bnw. in ander verbindings, en ook op ander bnw. Gewoonlik is die verbuiging in sulke gevalle vas, soos bv. in, met die blote oog, geen bloue duit, grote gonde, hale aardigheid, op die lange baan skuif, jou nalle verstand, die reine waarheid, stoute skoon, uit skone benbuheid, stoere voorgeslagte, swarte tater, die verre toekoms, met volle vertroue, blote toeval, vrome voorgeslagte.

Sommige bnw. word veral in die afgeleide betekenis gebruik en word dan verbuig, bv. puur in pure man, dis die pure sand, dit was pure onverskilligheid, dis pure bog. Bnw. word dikwels in hul etimologiese betekenis sowel as in 'n afgeleide betekenis gebruik, laasgenoemde gewoonlik om 'n sekere gevoelswaarde uit te druk. In sy Beknopte Nederlandsche Spraakkunst (bl 45) sê Holtvast dat die bnw. wat die lidwoord een voor het, soms verbuig en soms nie. As die uiterlike bedoel word, gebruik ons altyd die verboë vorm een grote man. As iets van sy kwaliteit of hoedanigheid bedoel word, gebruik ons die onverboë vorm, een grote taalkundige.

In Afrikaans vind ons dat die bnw. in sy etimologiese betekenis onverboë voorkom, waar dit verboë voorkom in die afgeleide betekenis, bv. skoon water naas dis

die skone water, 'n skone geleentheid, of 'n waar storie naas 'n ware hold, 'n ware uitkoms, of 'n skraal meisiennaas skrale troos. Wanneer die bnw. naar in 'n afgeleide betekenis voorkom, ondergaan dit verbuiging, soos bv. 'n nare droon, 'n nare man. Sommige sprekers voel 'n verskil tussen 'n naar gevoel op die maag en 'n nare gevoel op die maag. Naar het hier nog sy oorspronklike betekenis van mislik, terwyl nare gevoel meer 'n onaangename, bang gevoel aandui. Dieselfde betekenisdifferensiasie kry ons ook by 'n hele dag, 'n hele boel, 'n hele aardigheid teenoor 'n heel hemp, heel party en 'n blanke vrou teenoor 'n blank vel. Opmerklik is dit dat elk ('n onbepaalde telwoord) altyd verbuig word, behalwe in vaste uitdrukkings soos in elk geval wat uit Nederlands afkomstig is. Hier teenoor staan al (ook 'n onbepaalde telwoord) wat verboë of onverboë gebruik word na gelang sy betekenis verander, bv. in alle geval, alle nense is leuenaars, dis al goed wat gekom het.

In die voorbeelde wat hierbo genoem is, is die vorm van die bnwe. deurgans vas, (verboë of onverboë) by alle sprekers. Daar bestaan egter gevalle waar wisseling kan plaasvind by verskillende sprekers of ook in verskillende spreekstyle. So kan daar van 'n dorre of 'n lor landskap, vrye of 'n vry biblioteek, gepraat word. Hierdie onvastheid merk ons egter selde in die spreektaal op, en as dit wel die geval is, klink die onverboë vorm altyd meer tipies Afrikaans.

In feitlik al die grammatika-boeke word die gebruik van verboë vorme van die bnwe. in figuurlike taal, waar dit andersins onverboë voorkom, benadruk. Die voorbeelde wat gegee word, is gewoonlik stereotiepe, retoriese verbindings wat selde of nooit in die spreektaal gehoor word nie, en ook in die natuurlike skryftaal vernu word. Hier volg 'n paar voorbeelde: bonte mengelmoes, diepe teleurstelling, rype leeftyd, soete herinnerings, stomme diere, taale weerstand, tere herinnerings, troue vriendskap.

Dit is egter geen vaste reël dat figuurlike gebruikte bnwe. op p, t, k, l, n, n, ng, r of diftong 'n te moet kry nie, hoewel vorme soos reine waarheid, ens., voorkom in die spreektaal. Vergelyk vorme soos 'n soer hart, rein rewete, 'n taai klap, soet kind, flou ekskuus, waar die bnwe. ook figuurlik gebruik word. Verbindings soos diepe, verre deining, duse pliz, gayse ouderdom, rype ervaring, sure ondervinding, sware beproewing, ryse raad, ens. kom uit die literêre taal en gee ons die indruk van boekagtigheid.

Ons vind dus dat in die skryftaal bnwe. wat gewoonlik onverboë voorkom in die spreektaal verbuig word, óf onder Nederlandse invloed, óf om bepaalde ritmiese of stilistiese effekte te bereik en nie slegs in figuurlike gebruik nie.

Tallose voorbeelde kan ons uit allerlei Afrikaanse geskifte haal. Hier volg 'n paar voorbeelde wat voorkom in J.F.W. Grosskopf se Ou Leemmelker en ander Vertellings (1942).

Op bl. 1:

- Eintlik is dit 'n beskaanend kleine oes van dertig jare.
- 1: as die droë lug so yl en so kouliek hang bo die vle veld.
- 5: met die tref dit my watter skerpe blik daardie ligblou oë nog het.
- 16: daardie diepe bron-klank.
- 35: rype lewenswysheid.
- 60: wat soete hoop weer in sy hart laat oplewe het.
- 61: 'n dunne geluidjie wat nie eens 'n weerklank wek nie.
- 80: wat onhoorbaar wegsak in die fontene groen van die gebladere.
- 186: die stronge oujongsnooigesig.
- 192: in die stille straat het hy 'n ander student reekgeloop.
- 197: die gryse ou koster van die kerkie.

Dit is natuurlik moontlik dat 'n Transvaler soos Grosskopf baie meer verbot b.w.e. in sy spreektaal gebruik as wat hier in die Boland gehoor word. Tog gebruik 'n Bolander soos H.A. Fagan ook nog verbot vorme wat in die algemene spreektaal vreemd sou klink. Dit is veral in sy toneelaanwysings in sy dramas dat ons verbindings soos swere sug, flinkhouding ("Die Ouderling"), nette seun ("Ousus"), nette tabberd ("Roosbruin Blare"), stronge voorkoms, sterke afkuring ("Roue Erts") teenkom. Dit sal veral interessant wees om na te gaan hoe hierdie klas b.w.e. in die werk van N.P. van Wyk Louw behandel word.

B. Twee- of Meerlettergrepige Byvoeglike Naamwoorde.

(a) Die meerlettergrepige Byvoeglike N aanwoorde. neem altyd 'n -c behalwe wanneer hulle op -cr of -cl eindig. By hierdie twee groepe is die verbuiging onvas, en daarom word hulle apart bespreek. Die ander meerlettergrepige b.w.e. word in verreweg die meeste gevalle deur agtervoegsels gevorm:

- agtig: vreesagtige narte, reënagtige weer.
- baar: dankebare kinders, wonderbare redding.
- erig: slaperige kind, praterige vrou.
- haftig: heldhaftige daad, manhaftige soldaat.
- ies: logiese antwoord, Russiese stryd.
- ig: wagtige koring, moedige poging.

- lik: hinderlike vlieg, huislike nense.
- loos: hulpelose vrou, roekelose dard.
- matig: regmatige erfdeel, doelmatige indeling.
- rik: belangrike sake.
- saam: gehoorsame kind, deugsame vrou.

Hier kan ook 'n groot aantal basterwoorde genoem word, wat met 'n vreemde uitgang geloen is, soos aktief, passief, predikatief; finaal, fataal, lojaal, humaan, spontaan; delikaat; miserabel, respektabel; pikant; formeel, moreel, konfidensieel, industriëel; antiek, publiek; intiem, miniem; nervous, konsensieus; ens. Daar die verboë vorme van bogenoemde woorde bekend is, let ons liever op 'n paar onverboë vorme in Afrikaans.

In Nederlands kom 'n hele aantal samekoppelings voor met privaat in die onverboë vorm: privaatbesit, --college, --docent, --les, --leven, --recht. Miskien is dit onder invloed van Nederlands dat privaat in Afrikaans in sommige verbindings onverbuig voorkom, bv. myn privaatsake. 'n Probaat middel met die onverboë bnv. is 'n verbinding wat net so uit Nederlands gemaak is. Ook kontant kom dikwels onverboë voor, bv. kontant betaling. Hier kan die vorm van die bnv. 'n rol gespeel het (kontant betaal) en ook die feit dat kontant dikwels selfstandig gebruik word in verbindings soos, kontantgeld, kontantwaarde, ens. Dit lyk egter of dit die neiging in Afrikaans is om vreemde woorde (met die aksent op die laaste lettergreep) wat gewoon is in die volkstaal, onverboë te gebruik. Daarom praat ons ook van 'n presies boer, privaat sake, kontant geld. Nog is vorme soos die presiese woorde, 'n private onderneming glad nie ongewoon nie. Die verbuiging van gelant, komiek, kompleet, konkreet, is volgens Prof. Malherbe onvas (bl. 48). Die Woërdelys van die Suid-Afrikaanse Akademie, sowel as die woordeboek van Bosman en van der Merwe, erken egter slegs die verboë vorme wanneer die woorde attributief gebruik word.

Die teenwoordige deelwoord en die swak voltooid deelwoord ondergaan natuurlik altyd verbuiging: spelende, dansende, vliegende; gekookte, gemaakte, gedroogde. Interessant is hier die bnv. gevat, wat volgens die etimologiese woordeboek van Franck - van Wijk in die 18de eeu in Nederland gevorm is na die voorbeeld van die Duitse voltooid deelwoord gefasst. In Afrikaans kom gevat gewoonlik net predikatief voor, behalwe in 'n gevatte antwoord, waar dit attributief gebruik word.

Bnv. wat gevorm is met 'n voorvoegsel (afgesien natuurlik van die tipe afgebreklik), is taanlik algemeen. Hier volg 'n paar voorbeelde: aangenaam, bekwaam,

'n Klein groepie bnwe. van eienaardige formasie, soos goedkoop, halfslyt, halfwas, en die Malais-Portugese leenwoord tamaai kom in die spreektaal altyd onverboë voor.

(b) Die Byvoerlike naamwoorde op -el en -er.

Wat betref die verbuiging van bnwe. op -el en -er, bestaan daar lank nog nie ooreenstemming by die verskillende grammatikaboeke nie. In sy Afrikaanse Taalboek (bl. 47) gee Prof. Malherbe die volgende reël: „Onverboë bly die bnwe. wat op -er, -el, -ra, -la, uitgaan. Hieronder val al die bnwe. in die vergrotende trap.” Bv. 'n hoër begrip. Van Oostrum is van die dieselfde mening (Afrikaanse Spraakkuns, bl. 77). Boman en Pienaar (bl. 78-79), meen dat bnwe. op -er onverboë bly, terwyl die op -el wel verbuig word. Botha en Burger, (bl. 73), sê die verbuiging van woorde op -er en -el is onvas, behalwe die komparatiewe op -er, wat onverboë bly ('n groter weldaad). Potgieter meen vind dat bnwe. op -er (waaronder die komparatiewe) gewoonlik nie verbuig nie, terwyl van der Merwe (Handleiding vir Sekondêre Afrikaans-Leerlinge bl. 50) ook vasstel dat alle bnwe. op -er „gewoonlik” onverboë voorkom, en dat die verbuiging van bnwe. op -el „heeltemal onvas” is.

(i) Op een punt is al hierdie skrywers dit eens, en dit is dat bnwe. op -er (en spesiaal die komparatiewe) in die reël onverboë voorkom. En uit ons gewone spreektaal blyk dit dat die reël konsekwent uitkom. So praat ons byvoorbeeld van ander pensie, bitter koffie, dapper soldate, donker kamer, helder lig, jonger broer, langer distansie, groter weldaad, nuster naag, skrande student. Selfs waar die woorde in 'n figuurlike betekenis gebruik word, bly dit bnwe. onverboë. Ons tref egter dikwels uitdrukkings aan soos die volgende, loutere liefde, heldere verstand, suiwere wetenskappe. Hier het ons egter te doen met ontleenings uit Nederlands. Dit geld ook vir vaste uitdrukkings soos in besondere mate, in besondere gevalle, ens.

Ieder is egter 'n uitsondering op hierdie reël. Dit word verbuig, byvoorbeeld in iedere nasie. Hier kan ons ook let op die verbuiging van elk in dieselfde betekenis, teen die reël van sy groep: elke kind. In die vaste verbindings in ieder geval en in elk geval bly hul egter onverboë.

Daar bestaan 'n verskil in betekenis tussen seker en sekerre. Eersgenoemde beteken „onfeilbaar,” „vasstaande”: 'n seker middel, 'n seker saak, terwyl laasgenoemde iemand of iets aandui, waarvan nie veel bekend is nie: 'n sekere tier, 'n sekere persoon.

Botha en Burger praat van seker of sekere mense (bl. 75).

In die vergrotende trap ondergaan slegs dié bnwe. verbuiging wat boekagtig en literêr klink, bv. in mindere mate, in meerdere mate, byv: 'n latere geleentheid, 'n vroeëre besluit, verdere besonderhede. Die komparatief kom egter altyd onverboë voor in die gewone verbuigings in die spreektaal: 'n dieper gat, 'n roter man, 'n hoër boom, 'n langer tou, 'n hoër vrou, 'n swakker kind, 'n woester wind.

(ii) Wat betref die verbuiging van die bnw. op -cl, bestaan daar ook geen eenstemigheid nie. Malherbe meen dit bly onverboë, dog erken ook vorme waar verbuiging meer algemeen voorkom soos byvoorbeeld dubbele. Die ander grammatici meen almal dat die verbuiging onvas is, en uit die gewone spreektaal blyk dit dat hier inderdaad geen sekerheid is nie. | Meen byvoorbeeld die woord dubbel in Afrikaans. Volgens die Woordeboek van Bosman en van der Merwe kom die woord, wanneer attributief gebruik, altyd verboë voor: 'n dubbele betrekking. Tog word dikwels 'n dubbel kanser gehoor. Is dit miskien die invloed van die Engelse double room? Ander voorbeelde is 'n edel vrou, 'n enkel kaartjie, 'n onnosel vent, 'n simpel man, troebel water, ydel hoop. Tog vind ons ook dat hierdie bnwe. dikwels in die spreektaal verbuig word: edele dood (meer altyd edel metaal), binne enkele ure, 'n enkele woordjie, 'n onnosele daad, 'n simpele vent, troebele gelogtes, ydele prattjies. By baie van hierdie gevalle vind ons ook dat daar 'n verskil in gevoelswaarde is tussen die verboë en onverboë vorme. So byvoorbeeld is dit asof jy by onnosele, simpele meer 'n gevoel van jammerte het as by die onverboë vorme. Troebele en edele is weer vorme wat meer algemeen is in geskrewe taal.'
die . H oewel Bosman en van der Merwe 'n verboë sowel as 'n onverboë vorm vir vermetel gee, gebruik ek dit self alleen in die verboë vorm: 'n vermetele persoon. Ander voorbeelde soos dartele spel, dartel kinders, skamel maal, skamele maal, soepel of soepele liggaam, kom ook voor. Hierdie woorde word egter nie in die spreektaal gebruik nie, en ook hier kan Nederlandse invloed nog bespeur word.

(c) Die samegestelde bnwe.

Daar is nog 'n klas van bnwe. wat moet bespreek word, naamlik die samegestelde bnwe. Overdiep sê in sy Moderne Nederlandsche Grammatica (bl. 55) dat as meer as een bnw. die selfstandige naamwoord voorafgaan, slegs die laaste verbuig word. Botha en Burger (Afrikaanse Grammatika (bl. 77) sê dat party bnwe. weens hul betekenis van volmaaktheid nie verbuiging ondergaan nie, veral die samegestelde bnwe. wat 'n hoedanigheid in die hoogste graad aandui: galbitter medisyne, peperduur materiaal, skatryk vrou.

stokou man, vreksuinige man. Ons vind hier dat verbuiging slegs plaasvind wanneer die laaste woord verboë voorkom in sy enkelvoudige gebruik. So kry ons ook die rooi-wit-en blou vlag, die rooibont koei, 'n ellelang vertelling, 'n myllang reis, half-dooie dier, somber-groen kleur, 'n praatsieke vrou. Soms word ook praatsieke vrou gehoor, dog dan het ons met Nederlandse invloed te doen. Ook die uitdrukking weledele heer, het ons direk uit Nederlands oorgeneem. Ander voorbeelde van die samegestelde bnw. in Afrikaans is, windstil meer, windverwaide hare, penregop persoon, ens. Interessant is ook die gebruik van windskoef afdak deur Langenhoven.

HOOFSTUK II

Die verbuiging van die Bnw. in die werk van N.P. van Wyk Louw.

Verskille tussen Spreektaal en Skryftaal.

Dit is 'n bekende feit dat die skryftaal in baie opsigte afwyk van die spreektaal. Hierdie afwyking geld nie alleen die woordkeuse nie, dog ook die sinsbou en fleksievorme van woorde. Die verskillende doeleindes waarmee hul gebruik word, werk natuurlik mee om hierdie afwykings te veroorsaak. In ons gewone spreektaal vloei die woorde feitlik meganies, en die hoofdoel is om begryp te word deur ons hoorders. In geskryfte, veral in literêre werk, is die taalgebruik bewuster; die woordkeuse is presieser, die sinne noukeuriger georden, die ritme meer gespanne. Die digter wil ook begryp word maar in 'n dieper sin as die gewone spreker. En in 'n sekere mate moet die geskrewe taal meer deurdag wees, daar dit moet klaarkom sonder die gesigsuitdrukking, gebare, toon van stem, ens., van die spreektaal. Dit volg dus dat die omgangstaal "natuurliker" en "direkter" is, dog ook armer as die skryftaal en veral die literêre taal wat meer gestileer is en meer streef na die bereiking van sekere effekte.

Terwille van "harmoniserende effekte van klank en inhoud" (Prof. Overdiep) maak die literêre ^{taal} dikwels gebruik van middele waaroor die gewone taal nie, of nie meer, beskik nie. Die skryftaal is in baie opsigte meer aan tradisie gebonde, dis dikwels konserwatiewer en gebruik vorme wat in die gewone spreektaal as heeltemal verouerd beskou sou word. Dit geld ook vir die literêre taal. Die teenoorgestelde is egter ook waar, daar die literêre taal dikwels afwyk van die omgangstaal deur die skepping van nuwe woorde, deur ou woorde 'n nuwe kleur te gee deur dit in 'n nuwe verband te gebruik en deur ander afwykende vorme. Die literêre taal kan so sy deel bydra om die taal te verryk. Daar ons in hierdie studie te doen het met die verbuiging van die bnw., kan ons net let op 'n waarneming van

Prof. Overdiep in sy Moderne Nederlandse Grammatica, bl. 74, waar hy sê dat in die nuwere literêre taal in Nederland, en dan veral in poëtiese styl, baie onverboë vorme van die bnw. gebruik word teen die reël van die spreektaal in, omdat die korter vorm verrassend is, en daardeur dikwels 'n plastiese effek het.

Om los te kom van 'n ou gevestigde skryftaal-tradisie, is in alle tale byna iets onmoontlik. Die gevaar bestaan dus dat daar mettertyd 'n kloof sal ontstaan tussen die skryf- en spreektaal, iets wat baie ongewens is. Die spreektaal, wat gedurig verander, wat gedurig nuwe woorde, vorme en uitdrukkings opneem, word dan uit die skryftaal geweer, terwyl die dooie, ou formules en uitdrukkings in laasgenoemde gebruik word. Die enigste manier om nuwe lewende aan die dooie verstarde skryftaal te gee, is om dit in aanraking met die lewende spreektaal te bring.

Soos reeds gesê, het Nederlands 'n baie groot invloed uitgeoefen op ons eerste digters en skrywers, soos Jan Colliers, Totius, Malherbe, Loipoldt en Visser. Hul ken die Nederlandse literatuur en hulle werk is in die Nederlandse skryftradisie gewortel. Versvorm, woordgebruik, selfs sinsbou en fleksievorme staan onder Nederlandse invloed. In vergelyking met die baie swakbekteemde lettergrepe in Nederlands besit Afrikaans betreklik min, en die skrywers wat die Nederlandse literatuur geken het en as vanselfsprekend na die model begin skrywe het, het dit moeilik gevind om in verband met die ritme en die lengte van hul versreëlssonder die hulp van die swakbekteemde lettergrepe klaar te kom. Op verskillende maniere, maar veral deur verbuiging van die bnw., het hulle die moeilikhede probeer oplos.

Daar is reeds voorbeelde gegee van die invloed van Nederlands op die vorm van die attributief gebruikte bnw. in die taal van die Genootskappers en die eerste prosa-skrywers van die Tweede Beweging. Ook is 'n paar voorbeelde gehaal uit die werk van digters soos Colliers en Totius waar die Nederlandse inslag baie duidelik blyk. Ons sal nou nagaan in watter vorm of vorme die attributiewe bnw. gebruik word in die werk van die belangrikste Afrikaanse digter van vandag, N.P. van Wyk Louw.

In 1935 verskyn die eerste bundel van van Wyk Louw, naamlik Alleenspraak, wat gedigte bevat uit die jare 1925 tot 1934. Die Halwe Kring is gepubliseer in 1937 met werk uit 1934 tot 1937. Die Dieper Reg, 'n koorspel, skryf hy in 1938 as geleentheidstuk. In 1941 verskyn die lang gedig Raka en in 1942 sy laaste bundel, Gestaltes en Diere met gedigte uit die jare 1937 tot 1942. In 1939 het van Wyk Louw ook twee bundels opstelle

uitgegee, Berigte te Velde en Lojale Verset. In al hierdie bundels is die vorm van die bnw. nagegaan. Die prosa en poësie wat van Desember 1945 af in die tydskrif Standpunte verskyn het, is nie bestudeer nie.

Wat betref die gebruik van onverboë vorme van bnwe. wat in die spreektaal altyd verboë voorkom, kry ons baie min voorbeelde by van Wyk Louw, in teenstelling met die meeste van sy voorgangers in die Afrikaanse poësie, en ook nog enkele van sy tydgenote. Die onverboë gebruik van die bnw. wat 'n -e behoort te kry, word gewoonlik gevoel as 'n baie ernstige vergryp teen die Afrikaanse taalwette, baie ernstiger as wanneer die omgekeerde die geval is. Miskien is dit omdat 'n mens nog kan sê dat die verboë vorm gebruik word om 'n ander betekenisakkering of gevoelswaarde as die onverboë vorm tot uiting te bring; terwyl 'n onreëlmatige vorm sonder -e óf direk onder Nederlandse invloed (soos in op wetenskaplik gebied) óf bloot terwille van die maat in poësie gebruik word. 'n Afrikaanse digter van betekenis, wat bewus is van sy taal, sal nie maklik vandag sulke vorme gebruik soos bv. Jan Celliers nie:

" o n 'n trap van sy voet vir laag verraad" (Trou);

" die puur-alomwelwend asuur" (Die Vlakte);

" sy veilig lood dra wissedood" (In Ballinskap).

'n Paar gevalle waar van Wyk Louw skynbaar teen die Afrikaanse spreektaalgewoonte in 'n onverboë vorm van die bnw. gebruik, sal later behandel word.

A. Gebruik van verboë bnwe. teen die Afrikaanse Spreektaal gewoonte in.

Soos kan verwag word is van Wyk Louw in sy eerste bundels nog nie los van die invloed van sy voorgangers wat woordkeuse en taalvorme betref nie. Dit tref ons dat daar in sy eerste werk baie meer skryftaalagtige verboë bnwe. voorkom as in sy later gedigte. In sy eerste verse is die maat meestal strakker en die ritme minder vry, en miskien is die Nederlandse invloed hier nog sterk.

In Allienspraak voral, dog ook nog in Die Halwe Kring en Die Dieper Reg, gebruik hy herhaaldelik sekere bnwe. wat dikwels deur sy voorgangers gebruik is om vae, droomagtige, wasige stemminge te wek of 'n atmosfeer van 'n "ander wêreld" te skep, weg van die reële konkrete wêreld om ons heen. Hierdie woorde het in baie gevalle reeds clichés geword, wat geen nuwe effek meer kan verwek nie. So 'n bnw. is bv. vreemd, dog daar die verbuiging vas is in Afrikaans, is dit nie nodig om in hierdie studie lank daarby stil te staan nie. Ek wys net op die veelvuldige gebruik van die

veelvuldige gebruik van die woord in Alloenspraak - altyd om daardie atmosfeer van die droomwêreld, van onwerklikheid te skep. Bv.

- " 'n vreemde vlam van woorde klim " (Gesprek van die Dooie Siele);
- " vreemde stille wolke gaan " (Dennebosse);
- " stiltes van vreemde gesternte " (Skreeu);
- " vreemde voorgevoelde lig " (My Venster is 'n blanke Vlak);
- " waar vreemde laaste sterre dwaal " (Gesprek van die Dooie Siele).

(a)

Daar is egter twee ander bwr. wat interssant is in verband met die verbuiging naamlik ver en stil. Gaan ons die werk van die eerste digters na, dan vind ons dat veral hierdie twee woorde baie algemeen gebruik is. Dink hier net aan die volgende voorbeelde uit die werk van Jan Celliers:

- " tot die yl-bloue bande van die ver-verre rande " (Die Vlakte);
- " al wenend om die verre dag " (Die Brand);
- " in stof van verre stede " (Die Murasie);
- " ek hoor 'n verre ruise " (in die afdeling " Geeste van die Wildernis "

v an Die Rivier)

- " 'n stille vrede dra die plek (Die Brand);
- " so treur die stille stroom " (Die Murasie);
- " 'n stille sluimer " (Die Laaste Aand);
- " wolke lê op stille berge " (in die afdeling " Geeste van die Wildernis "

in Unio-kantate).

Ook by van Wyk Louw tref ons in sy eerste bundels dikwels die verboë vorm van die woordjie stil aan, wat in die gewone omgangstaal altyd onverboë bly. Die verboë vorm kom nege maal voor in Alloenspraak, terwyl dit slegs een keer in Die Halwe Kring, en een keer in Gestaltes en Diere voorkom. Hier volg 'n paar tipiese voorbeelde van die gebruik van die verboë vorm in Alloenspraak:

- " stille gesleep van die jare " (Nou's daar geen lied meer).
- " hoe sal ons skuil teen die stille en trae gewaai " (En nou dat ons gaan);
- " mistieke dans van vreemde stille wolke gaan " (Dennebosse);
- " met ewig-stille weemoed " (Kom vannag in my Drome);
- " in hierdie stille skemering " (My Venster is 'n blanke Vlak);
- " my stille samesyn met ander " (in Die Profect uit Die Halwe Kring)

Ook die verboë vorm verroword heel dikwels in die eerste bundels van Van Wyk Louw aangetref. Tog kan ons verre en stille nie langs mekaar stel nie. In teenstelling met stil word ver slegs selde attributief in die Afrikaanse spreektaal gebruik. Daar bestaan 'n paar verbindings, 'n ver ont, of ook soms 'n ver wêreld 'n ver land, of vaste uitdrukkings soos in die verre toekoms, die verre Ooste, maar dit is ook al. Ook in Nederlands vind ons dat ver, a ttributief gebruik, meer in die skryftaal voorkom, en dan ook altyd verboë. (In Nederlands praat ons wel van een verre wandeling, wat moet vergelyk word met Afrikaans 'n ver ont.) Verre is dus nog meer 'n literêre woord as stille en dis miskien daarom dat van Wyk Louw selfs in Die Dieper Reg nog die verboë vorm verre gebruik, waar stille slegs een keer nog in Gestaltes en Diere voorkom. Die verboë vorm verre kom vier keer voor in Alleenspraak, twee keer in Die Halwe Kring en een keer in Gestaltes en Diere en drie keer in Die Dieper Reg. Tipiese voorbeelde is die volgende:- Uit Alleenspraak:

- " laat die verre deure slaan" (Fees);
- " in verre volke" (My Moester);
- " 'n verre bewing " (Gesprek van die Dooie Siele);

Uit Die Halwe Kring:

- " was U 'n verre stem in my " (Die Profet);
- " Sy bloed se verre sin " (En toe 't oor hom).

Uit Die Dieper Reg:

- " verre eene " (bl. 17);
- " verre aarde " (bl. 14).

Uit Gestaltes en Diere:

- " hoor verre wees " (Die Boodschap aan Maria)

(b)

Nog 'n woord wat selde in die Afrikaanse spreektaal voorkom, ~~is blank~~. (naar wel in die literatuur en wat ook deur van Wyk Louw baie in sy vroeër werk gebruik word) is blank. Herhaaldelik kom hierdie woord in die verboë vorm voor in Alleenspraak en ook in die Halwe Kring (in vroeër gedigte). In teenstelling hiermee vind ons dat blank slegs een keer in Gestaltes en Diere voorkom, en dan wel in die onverboë vorm. Onverboë gebruik hy dit ook een keer in een van sy opstelle in Berigte te Velde, "(blank opglans)" Ek weet van slegs een voorbeeld waar blank in die omgangstaal gebruik word, en dan ook in die onverboë vorm: 'n blank vel. Blanke vrou is wel ook bekend, tog word die meer algemene wit vrou verkies. Ons sien ook hier dat van Wyk Louw, selfs waar hy literêre

woorde nog gebruik in sy later bundels, so na as moontlik aan die gewone spreektaal wil bly. Hier volg nou 'n paar voorbeelde van die gebruik van blank.

In Alloenspraak:

- " Ek het jou lief net om die blanke lode " (Ek het jou lief);
- " My venster is 'n blanke vlak " (My Venster is 'n blanke Vlak);
- " die blanke straling " (Ek het die aarde nie gesien);
- " die blanke stilte " (Gesprek van die Dooie Siel);
- " op die blanke horison " (Dennebosse).

In Die Halwe Kring:

- " die blanke vlug van yl-gewaaide wolke " (En toe 't oor hom).
- " met roei van blanke vlerk " (Lucifer).

(c)

Uit die paar voorafgaande voorbeelde sien ons dus dat van Wyk Louw in sy eerste bundels nog sterk onder die invloed van die sogenaamde " literêre " taal staan. Die verboë vorm van die bnw. word by voorkour gebruik sowel,

- (i) by ongewone literêre woorde bv. blanke), as by
- (ii) gewone bnwe. in 'n literêre verband (bv. stille).

Dit is onnodig om langer by hierdie " literêre " verbindings van bnw. en selfstandige nw. stil te staan. Daar kan talle meer voorbeelde genoem word. Hier volg slegs 'n paar: bange, bleke, blink, blote, lange, late, skrale, slanke, streng, volle.

Hierdie verboë vorme kom slegs in die skryftaal voor en word dan ook gebruik in 'n betekenis wat in die gewone omgangstaal onbekend of baie ongewoon is. So bv. kan ons let op die gebruik van bange in " geteisterdes in bange voorgevoel " (Die Halwe Kring)(in gedig En toe 't oor hom);

streng in:

" my streng gang op my baan sal stoor " (Gestaltes en Diere in die Ballade van die Bose);

bleke in:

" wit hande van 'n bleke vrome " (Alloenspraak in die gedig Shaduwees van die Siel); "bleke reg" (Loja le Verset);

volle in:

" uitverkore deel van die volle aarde " (Die Halwe Kring in die gedig En toe 't oor hom).

Ook die woordjie Yl wat ons onverboë gebruik in die gewone spreektaal,

21.
bv. 'n yl baardjie, kom heel dikwels ~~wee~~ in sy eerste bundels voor. Hy gebruik dit egter meestal verboë en dan ook in 'n meer literêre verband. Hier volg 'n paar voorbeelde:

Uit Alleenspraak:

- " die waat'rige en yle bloed van hierdie lewe" (Skaduwees van die Siel);
- " die yle vlug van beeld en kleur" (Ek het die aarde nie gesien);
- " die oë se yle spel" (Sou dit nie beter wees nie).

Uit Die Halwe Kring:

- " die yle draad van my droom-en dadelose ure" (Die Verslaene).

Daar is 'n paar gevalle waar Yl ook in die vroeërverse onverboë voorkom, dog dit word later bespreek.

(d)

Van Wyk Louw gebruik 'n heel party bnwe. wat nog hul Nederlandse kleur behou het, en wat dus ook onder hierdie sogenaamde literêre woorde val. Hierdie woorde word selde of nooit in die gewone spreektaal gehoor nie, en weer is dit opmerklik dat dit ~~die~~ geval, veral in sy vroeërbundels is waarin hy hierdie woorde gebruik, en dan ook by voorkeur in die verboë vorm.

Uit Alleespraak:

- "kille beweging van slange" (Nou's daar geen lied meer);
- " by alle skone dinge" (By alle skone dinge);
- " skone wêreld" (En as ek dood is -- Skone staan natuurlik hier in die betekenis van mooi).

Uit Die Halwe Kring:

- " die blou klowe noerwaarts fluit van snelle ruising" (Lucifer).
- " van wyd-ope en klare son" (Vroegherfs -- klare hier natuurlik gebruik in die betekenis van helder.)
- " met die lyf se brose net" (O Suiwer Hart.)

(e)

Dit sou verkeerd wees om die verboë vorme van die bnwe. in die gevalle hierbo genoem te verklaar deur te sê dat hul in 'n figuurlike of afgeleide betekenis gebruik word. Soos Booysen (Die Nuwe Praktiese Grammatika bl. 81) ook sê, is 'n verboë vorm nog geen bewys van 'n figuurlike gebruik nie, bv. 'n rein gewete. So bly ook in die Afrikaanse spreektaal bnwe. soos diep en sterk onverboë, al word hul in 'n oordragtelike betekenis gebruik. Tog word hierdie woorde verbuig in die vroeërgedigte van Van Wyk Louw, wat ons weer toon hoe ook hierdie digter in sy vroeërwark nog in

die ban van 'n skryftaaltradisie gestaan het.' Die volgende voorbeelde is in

Alleenspraak gevind:

- „ soos uit diepe slaap ons drome" (Grense);
- „ daar is van diepe Eensaamheid" (Daar is geen Woord)

Uit Die Halwe Kring:

- „ om nie terug te deins vir sterke dinge" (By die Monument).

Ook word in dieselfde bundel sware gebruik in die verbindings.

- „ waaroor die sware waters gaan" (O Suiwer Hart);
- „ dat U dié sware woorde van my eis" (Die Profet).

Maar in dieselfde bundel kom ook die onverboë vorm swaar voor:

„ nuwe woorde vind vol swaar vermoede" (Opdrag), 'n vorm wat later ook in Lojale Verset in 'n swaar taak (bl. 29 r24) sowel as in 'n swaar drif in Raka (bl. 30, r 9), voorkom. Ook klein, hoewel in figuurlike sin, word deur van Wyk Louw onverboë gebruik, soos blyk uit die volgende voorbeelde uit Die Halwe Kring :

- „ ons klein smart en liefde" (Aan die Skoonheid);
- „ klein begeerte en klein deursigtige liefde" (Die Profet).

Ook in Gestaltes en Diere het ek die volgende voorbeelde gekry:

- „ sy klein rus in huis en liefde" (Die Hond van God). Navolging

van die ou skryftaal, sowel as maat-dwang het van Wyk Louw dus genoodsaak om die verboë vorm te gebruik, waar hy later konsekwent die meer natuurlike, gewone onverboë vorm sou gebruik.

(f)

Dit sal interessant wees om nou te probeer nagaan hoe hierdie verboë vorme wat van Wyk Louw veral in sy ouer werk gebruik, verband hou met die algemene stemming en ritmiese gang van sy vers. Veral in Alleenspraak en Die Halwe Kring is dit opvallend hoe dat die digter 'n ander wêreld, meer abstrak en onwerklik, wil skep. Die love met sy verganklike skoonheid, sy sterwende liefde, sy grense, sy „ soek wat nimmer vind", sy eensaamheid en drome, sy opstandigheid teen 'n meedoënlose Mag, sy rustelose verlange na rus - is die tema van hierdie eerste verse. En dis veral in hierdie eerste verse waar die verboë vorm van die b.w. pas. Hier volg 'n paar voorbeelde uit

Alleenspraak:

- „ die stille en trae gowaai (En nou het ons gaan);
- „ soos uit diepe slaap" (Grense);
- „ diepe Eensaamheid" (Daar is geen Woord).

Gaan ons hierdie voorbeelde na, dan vind ons dat die verboë vorme essensieel is, nie

nie alleen wat die ritmiese gang van die vers betref nie, dog ook wat die algemene stemming betref. So byvoorbeeld is die tweeclettergropige stille nodig om te harmoniseer met die volgende trae. Die atmosfeer wat gewoonlik hier geskep word, is dié van ylto, van wasigheid en afstand. Die "bloue maan", "skemerlug", "drome," help ons om die rus en vrede van diepe slaap beter te begryp en aan te voel. En watter suggestiewe krag hou stille en trae geseel van die leed nie in nie; die byna oentonige ritmiese gang, selfs die atmosfeer van "yl onsaambaarheid" word gesteun deur hierdie reël. En dis in hierdie droomatmosfeer waar die verboë vorm van die bnw. veral pas, nie alleen om die inhoud nie, maar ook om die ritmiese gang van die vers.

Ook 'n paar voorbeelde uit Die Halwe Kring, bewys dit:

"sy bloed se verre sin" (En toe't oor hom);

"altyd mooie liefde van die jeug" (Die Profet).

By albei gevalle is die verboë vorm van die bnw. essensieel vir die versritme. Let veral hier op die tweede voorbeeld, waar die vorme soos "stille sansyn", "vaste maat", "helder dinge", saam met "mooie liefde" help om die ritmiese gang van die vers te bewaar. Die verboë vorme help ook om die algemene stemming van die verse weer te gee. Soos byvoorbeeld in die eerste gedig waar die digter skrywe oor die lewe, eenszaamheid, liefde, verlatenheid, roeping -- almal abstrakte idees. En waar die onverboë vorm van die bnw. gewoonlik konkrete begrippe beskryf, pas die verboë vorm hier.

19) Ons het reeds gesien dat van Wyk Louw in sy eerste bundels ook nog onder die invloed van 'n gevestigde skryftaaltradisie staan, sowel wat sy woordkeuse betref as die vorm van die attributiewe bnw. betref. Die veelvuldige verbuiging van leasgenoemde moet miskien toegeskryf word aan die feit dat van Wyk Louw in die begin ook nog taamlik vas gesit het aan die maatskemas van verse wat voor hom gebruik is. Veral moet hier die invloed van die Nederlandse verse nie vergeet word nie. Nederlands besit in vergelyking met Afrikaans 'n baie ryk voorraad van swak beklomtoonde lettergroepe. Selfs baie van die werkwoorde gaan uit op 'n swakbeklomtoonde lettergreep. 'n Afrikaanse skrywer wat nou vertrouwd is met die maat en ritmiese gang van die Nederlandse vers, sal in die versoeking kom om -- teen die Afrikaanse spraakgebruik in -- terwille van die maat verboë bnwe. te gebruik waar hy hul nodig het.

Dit is miskien die verklaring van die verboë bnwe. soos blinké, bloue, grote, jonge, lange, tazie, witte in Alleenspraak, en ook nog in Die Halwe Kring. Hierdie bnwe. kom voor in verbinding met selfstandige nwe. waar dit nie lyk asof die digter enige besondere betekenis of gevoelswaarde wou uitdruk nie.

Uit Alloenspraak:

- " met blinke swaard " (Die Oorwonnene);
- " geel liggies op 'n lange ry " (Straet);
- " natte, skyn van lamppeal " (Straet);
- " die witte vroude " (Fees).

Uit Die Halwe Kring:

" in die witte son " (O Suiwer Hart);

" verwring soos lig deur natte ruite " (Sluit toe jou Hart).

Soms word daar wel 'n klankeffek bereik wat in sekere mate vir die onafrikaanse vorm van die bnw. vergoed. Byvoorbeeld die volgende reël uit Die Halwe Kring:

" toe die lugte bloek was bo witte horisonte, " waar die -te uitgange

'n sekere klankeffek gee. So ook uit dieselfde bundel kry ons

" verwring soos lig deur natte ruite. " En uit Alloenspraak kom die

reël,

" negrind laat die verge deure slaan, " waar met die herhaling van die

-re uitgange 'n klankeffek bereik word.

Dit is interessant om na te gaan hoe van Wyk Louw die moelikhoid, wat ontstaan omdat Afrikaans soveel minder swakbeklenteonde lettergrepe as Nederlands het, in sy eerste verse probeer oplos. D.F. Malherbe sê in sy Afrikaanse Taalboek (bl. 53) dat hierdie moelikhoid dikwels voorkom word deur samestellings van twee eenletter-grepige bnwe. waar ons in die enkelvoud die verboë vorme sou gebruik het - " 'n gebruik wat egter die konsepie sou benadeel as dit nie natuurlik is nie." Opvallend is dit dat ook van Wyk Louw, veral in sy eerste bundels, dikwels gebruik maak van die sogenaamde samegestelde bnwe. soos byvoorbeeld, winter-yl, deursigtig-yl, orig-stille, wyl-op, vlam-wit, staal-blind, kou-klamme, vlam-blou, ou-ou, yl-blou, wind-blou, room-geel, ligrooi, ylrooi. Of hy hier die verboë vorme van die bnwe. wou vormy, is onmoontlik om te sê. In elk geval blink die samestellings nooit onnatuurlik nie, maar verryk eerder die beeld wat hy gee.

B. Onverboë gebruik van Bnwe.

Tot dusver het ek my veral bepaal by die verboë vorm (teen die Afrikaanse spreektaalgewoonte in) van die bnw. in die werk van N.P. van Wyk Louw. Ek het gevind dat dit veral in sy eerste werke is dat die verboë vorm so dikwels voorkom, en dat die invloed van Nederlands sowel as die ^{ou} Afrikaanse skryftaaltradisie, hul hier laat geld het. In die tweede bundel kom die verboë vorme al minder voor, behalwe in gedigte waar die meer gedrae gang van die vers die verboë vorme wenslik maak, soos bv.

in "O Suiwer Hart," fragmente van "Die Tweede Lewe," "Aan die Skoonheid" en "As ek so dink." In sy later werk word die kort onverboë bnv. al meer gebr^{uik}ëek. Die redes hiervoor is vermoedelik dat hy,

(i) veral in sy later werk die gewone Afrikaanse spreektaal ook in sy gedigte wou gebruik, en

(ii) dat die kort onverboë vorme pas by die aard van die vers wat hy nou, nadat hy hom losgemaak het van literêre invloede, begin skryf. Sy vers is lewendig, dinamies; hy hou van onverwagse wendinge en van sinkopee in die ritme, wat by hom vry en buigzaam is. En om hierdie effek te bereik is die kort, onverboë vorm van die bnv. uitstekend geskik, behalwe in die gevalle waar 'n meer beskouende, kalm stemming weergegee word soos byvoorbeeld in "Die Verslaene" uit "Die Halwe Kring."

Interessant is dit om hierop te let in Raka, waar die taal baie na aan die Afrikaanse spreektaal staan. Ons vind dat hier veral baie onverboë bnv. voorkom. Herhaaldelik eindig reëls op twee of drie sterk lettergrepe, selfs teen die maat van die vers in, of vind ons die opeenstapeling van betoonde lettergrepe. So byvoorbeeld kry ons:

" en die speel van sy wapens en die trots voet...." (bl. 45, r. 6);

" van Koki en Raka en die dwaas daad"....(bl. 34, r. 13);

" net die swaar drif"....(bl. 30, r. 9);

" en toe't die dronk woord uitgelag".... (bl. 46, r. 1);

" sy woord het vuur geslaan uit hul kou klip".... (bl. 31, r. 18);

" na die skerp kalkrante waar 'n blink poel, oop(bl. 15, r. 12);

Dit veroorsaak sinkopee tussen trots en voet, dwaas en daad, swaar en drif, kou en klip, poel en oop, ens., wat die ritme verrassend en persoonlik maak.

(a)

Ons het reeds hierbo die rol wat die vorme verre en stille in sy eerste gedigte speel, bespreek. Dit sal interessant wees om nou te let op sy gebruik van die onverboë ver uit Die Halwe Kring.

" die see waarin ek een v^{er} spoeling is " (God dat hul smaad);

" en die v^{er} water drywe nou glansloos " (Herfsnamiddag)

Uit Raka:

" en die ver bome ongewis (bl. 36, r. 14);

" eensam water wat branding was tot teen ver kape "(R 9.bl. 26.)

Van Wyk Louw gebruik die woord ver, wat selde in die Afrikaner se spreektaal attributief gebruik word, en dan feitlik net in ~~vas te~~ verbindings (ver wêreld, verre toekoms),

heel dikwels in verbinding met gewone, alledaagse selfstandige aanwoorde, byvoorbeeld ver bone, wat die skryftaalagtige ver minder literêr laat klink. Interessant is dit dat hy reeds in Die Halwe Kring die onverboë vorm gebruik. Hier word ver egter in albei gevalle beklemtoon, wat vir my gevoel hul nader laat staan aan verre stem (Die Halwe Kring) as aan die gevoel van wydheid en oneindigheid baie goed weer, en nie die droomatmosfeer wat verre sou skep nie.

Wat die onverboë stil betref, vind ons dat dit reeds voorkom in Alloonspraak:

" en nou dat ons gaan in die stil ongenaakbaarheid "(En nou dat ons gaan).

Ek dink dat dit hier egter slegs 'n kwessie van maat is. Dis eers in Gestaltes en Diere en Raka dat die onverboë vorm gebruik word om konkrete begrippe weer te gee.

Hier volg nou voorbeelde uit Gestaltes en Diere:

- " In die stil, geel somer en die lig" (Die Hond van God);
- " die stil gang na die folterkamer toe" (Die Hond van God);
- " tot stil wêreld van groen en swart kristal" (Die Hond van God);
- " 'n klein hartvlam van stil verset" (Ballade van die Visser op Land in die Nag).

Uit Raka:

- " die stil moed en klaarheid van sy stem " (bl. 13, r. 12)
- " maar die stil uur van die hitte was daar"(bl. 36, r. 13).

Ook weer vind ons hier vind ons dat die digter deur die ongewone verbinding 'n bepaalde effek bereik. Stilis in sy onverboë vorm 'n alledaagse woord, en tog is dit asof die woord nuwe lewe en betekenis kry waar die digter dit gebruik in verbinding met woorde soos moed, uur, ens. -- verbindings wat ongewoon is in die spreektaal.

(b)

Dear bestaan 'n klas van woorde soos snel, loom log, slank, rank wat ongewoon is in die spreektaal en wat gewoonlik verboë voorkom in die skryftaal. Hierdie verboë vorme het in baie gevalle clichés geword wat alle lewenskrag verloor het, soos byvoorbeeld snelle vaart, ranke riet. In sy later werk word hierdie woorde deur van Wyk Louw onverboë gebruik, en hierdeur kry hulle nuwe lewe en word hulle in die sfeer van die Afrikaanse spreektaal verplaas. In Raka kry ons:

- " soos 'n log boomstem ..."(bl. 30, r. 13);
- " onder die slank riet " (bl. 25, r. 4);
- " die slank speler met die spies "(bl. 7, r. 15);
- " slank gewrigte van heup en knie" (bl. 14, r. 9);

" soos 'n rank kolom" (bl. 14, r. 3);

" die loom namiddag" (bl. 1, r. 2).

Een voorbeeld uit Gestaltes en Diere:

" in die skaar van die snel diere" (Sfinks).

Van Wyk Louw het nou sy eie styl, steen los van die ou taaltradisies en van die Nederlandse invloed. Sy later werk laat jou altyd voel dat jy binne in die lewe staan met al sy werklikhede en konkrete begrippe. En dis hier waar die kort, afgebroekte, eenlettergrepige bmv. so goed te pas kom. Dis nie meer die gedrae gang, die droom-atmosfeer van sy vroedr verse nie, maar die kort en bondige daarstelling van feite. Neem maar 'n paar voorbeelde soos op bl. 35 in Raka: blink aspaai, klam tonnels, klein ster, sku bosvoel, vars spoor, dan sien ons hoe die onverboë bmv. die realiteit van alles duideliker uitbring.

(c)

'n Besondere groep bmv. wat van Wyk Louw in sy later werk onverboë gebruik, word gevorm deur die woorde dwaas, boos, hees, trots, nors. Hierdie woorde is nie ongewoon in die spreektaal nie, maar word dan gewoonlik predikatief gebruik. Van Wyk Louw gebruik hierdie woorde in sy later werk, wanneer hy sy eie persoonlike styl en natuurlike taal skrywe, byna konsekwent onverbuig. Ons kan hier alleen sê dat dit moontlik sy eie spreektaalvorm is. Waar trots in 'n gedig soos " O trotse hart" uit Die Halwe Kring verboë voorkom, lê die verklaring vermoedelik voor in die gedrae gang en stemming van die vers. Die volgende voorbeelde haal ek aan uit Raka:

" die dwaas daad" (bl. 34, r. 16);

" die trots voet" (bl. 43, r. 6);

" met hees snuiwe en bulk" (bl. 6, r. 10).

Uit Gestaltes en Diere:

" elke trots en suiwer woord" (Ballade van die sterwende man);

" boos dinge" (Die swart Luiperd);

" 'n nors swart kaap" (Ballade van die Visser op land in die nag.)

Uit Die Halwe Kring:

" jong, trots liefde" (Herfshemiddag);

" trots vrougde en wapenblik hoop" (Moet ons ook toom hê).

Die digter bereik hier die konkrete werklikheid wat hy graag wil weergae, juis deur die onverboë vorme. Neem byvoorbeeld dwaas daad: deur die alliterasie en die afwesigheid van swakbetoende lettergrepe word die effek wat die skrywer beoog, verhewig. Let ook op die verskil tussen die dwaas bee, die dwaas rus in Alleenspraak, en dwaas ... daad.

daan d in Raka. Verder ook klink bee onafrikaans en selfs in Nederlands is dit 'n literêre woord; die verbinding draas bee is nie denkbaar nie. In nors, swart kaap verhoog die onverboë vorm van die buwe, die hardheid en onverbiddelikheid van die beeld.

Onder hierdie groep val daar ook nog die twee woorde mank en bot, wat egter van die vorige hierin verskil, dat waar hul in die spreektaal attributief voorkom, die onverboë vorm gewoonlik gebruik word, byvoorbeeld 'n mank been, 'n bot antwoord. Maar hier kry die vorme nuwe leere en betekenis, daar die digter hulle in 'n ongewone verband gebruik. So kry ons in Raka:

„ met 'n mank dans gehuppel " (bl. 5, r. 15);

„ sy bot hand " (bl. 21, r. 1).

In Gestaltes en Diere:

„ O log en donker, bot verdriet " (Die Hart op die Fees).

In Lojale Verset:

„ bot belesenheid " (bl. 154, r. 13).

(d)

N.P. vna Wyk Louw gebruik dikwels die onverboë vorme dooi en kou in sy later werk. Dis reeds opgemerk dat hierdie onverboë vorme, goed beskou, geen uitsonderinge is nie, daar die buigings -e langs fonetiese weg of deur analogie verlore gegaan het. Tog is die algemene bekende vorme dooie en koue, vorme wat dikwels deur die digter self gebruik word: „ dooie siele, " „ koue wind, " „ koue glim " (Alleenspraak) „ dooie teenstaander, " „ 'n dooie ding " (lojale Verset). Hy is egter nie bang om met die tradisionele vorme dooie en koue te breek, en om hierdie byna dialektiese dooi en kou te gebruik nie. Hier volg 'n paar voorbeelde van die onverboë dooi.

Uit Gestaltes en Diere:

„ verloor in 'n dooi Godsdroom " (Sfinks);

„ in die opmars van die dooi geslag " (Die Hond van God);

„ nie my hand, maar 'n dooi stuk van my vleis " (Die Hond van God);

Uit Raka: die stroom se dooi bogte" (bl. 29, r. 3.) Persoonlik voel ek dat die "verboë" vorm in al hierdie gevalle uiters onvanpas sou wees en nie die begrip sou weergegee wat die digter werklik in gedagte gehad het nie. So byvoorbeeld is dooi Godsdroom en dooi bogte ongewone verbindings, en waar die verboë vorm banaal sou geklink het, word die wyer betekenis, myns insiens, uitstekend weergegee deur die onverboë dooi.

Voorbeelde van die onverboë vorm kou kom voor in Gestaltes en Diere:

In Rakke:
 " laet uit ons kinderjare 'n kou wind waai " (Die Hond van God.)
 " sy woord het vuur geslaan uit hulle kou klip " (bl. 21, r. 18.)

Laasgenoemde, ook weer 'n voorbeeld van die konkreetheid en onmiddellikheid wat die digter nastreef in sy later werk. Ons kan ook hier let op die effek van die alliterasie wat juis versterk word deur die onverboë kou.

(c)

Wat die bnwe. op -gr en -el betref het ons reeds gesien dat eersgenoemde in die gewone spreektaal gewoonlik onverboë voorkom, waar die verbuiging van laasgenoemde onvas is. In die werk van N.P. van Wyk Louw kry ons egter verboë sowel as onverboë vorme van albei. Meer is dit opmerklik dat dit veral in sy eerste bundels is dat ons die veelvuldige verbuiging van die bnwe. op -er, teen die algemene gebruik in, aantref. Ook hier weer kan die sterk invloed van die poëtiese taal van sy voorgangers, sowel as die Nederlandse invloed, gesien word, byvoorbeeld in die gebruik van mindere vreugde, heldere kleed, donkere eenselwigheid. Cliché-agtige frases uit Nederlands word sonder meer gebruik, byvoorbeeld heldere vreug, duistere bedoeling, duistere vermoede, silwre ~~vreugde~~ vreugde. Veral is dit in Alloenspraak en Die Halve Kring waar hierdie verboë vorme so veelvuldig voorkom. Hier volg nou 'n paar voorbeelde uit Alloenspraak:

" laaste kring van die waterheldere glans " (Gesprek van die Dooie Siel.);
 " nou is my oë..... leeg van mindere dinge." (En het die Aarde nie gesien.)

Uit Die Halve Kring:

" wyd in donkere eenselwigheid." (En toe't oor hom.);
 " wat glad verward in mindere vreugde is." (Ons moet die Bitter Taak.);
 " die Hoop en al haar laatro bitterheid." (Dostojewski);
 " die aarde is heldere kleed van duistere bedoeling." (Aan die Skoonheid);
 " daarom is jy (in duistere bedoeling)" (Jy was 'n Kind.);
 " my trug na die wondere aarde laat draai." (Nietzsche.);
 " tot silwre stand van fyn-gewebde straal" (En toe't oor hom.);
 " in die andere iggnade wat U gee." (Aan die Skoonheid.)

As ons die bogenoemde voorbeelde nagaan, vind ons dat in baie gevalle die ou skryf- taaltradisies hul nog laat geld, hoewel maats ook dikwels 'n rol speel. Mindere en wondere is literêre woorde wat uit die Nederlandse literatuurtaal ontleen is.

In teenstelling met verre en stille, wat in sy later werk gewoonlik onverboë voorkom, vind ons dat hier in Alloenspraak en Die Halve Kring, donker wense naas donkere eenselwigheid, duister/spraak naas duistere wil, helder liefde naas heldere kleed, silwer vis naas silwre stand voorkom, sodat die verboë vorme nie konsekwent

gebruik word nie. 'n Interessante voorbeeld van hoe hy die verboë sowel as die onverboë vorme gebruik, kry ons in die gedig „Aan die Skoonheid” uit Die Halwe Kring:

„die earde is holdere kleed van duistere bedoeling,
op donker dinge sin die mens se hart.”

Hier het ons tweelettergrepige bnwe. met 'n swak uitgang, en miskien moet ons die oorsaak van die onverboë vorme tussen die verboë vorme van Wyk Louw se eerste werk hierin soek.

Wat die verbuiging van die bnwe. op -el betref, kry ons min of meer dieselfde toestand as by die verbuiging van die bnwe. op -er. Ons vind dan in sy werk skamel naas skamele, troebel naas troebele, enkel naas enkele. Voorbeelde van die verboë bnwe. op -el is die volgende:

„hierdie troebele gebede” (Gestalties en Diere)
„edele vroue” (Lojale Verset);
„skamele granat” (Die Dieper Reg).

In Roka kom die onverboë vorm troebel tweemaal voor:

„die klein waan van die troebel spel” (bl. 13, r. 8),
„aan 'n troebel spel” (bl. 53, r. 4).

'n ander voorbeeld van die onverboë troebel kom voor in Die Halwe Kring:

„troewel branders van perde en pote” (Van die gekwastes wat op die Slagveld lê)

Opmerklik is dit dat hy hier die gewone uitsprakvorm met 'n [v] en nie 'n [b] nie gebruik. Daar die verboë vorm ongewoon is in die spreektaal, kon die digter hier moeilik troewele gebruik het. Die verbuiging van enkel is baie onvas in Afrikaans, en ook in die werk van van Wyk Louw word die verboë sowel as onverboë vorme gebruik, enkele soort, enkel tydenote (Lojale Verset).

(f) bnw. onverboë gebruik, skynbaar teend.

Daar is nog 'n groepie gevalle waar van Wyk Louw die algemene Afrikaanse taalgebruik in, soos byvoorbeeld in die samegestelde bnwe. staal-blind, murg-sag, en in die afgeleide bnwe. wat gevorm is met 'n swaar uitgang soos -saam of -baar. Die samegestelde bnw. stem oor die algemeen in die verbuiging ooreen met die onsamegestelde, dus ryk en skatrykmense, harde en klipharde grond. Op 'n paar uitsonderings na hou van Wyk Louw hou konsekwent aan hierdie algemene gebruik, bv. wapenblik hoop, ywit stand. In sy eerste bundels kom witte, blinke, dikwels voor, en dit skyn dat hy, soos reeds gesê is, hierdie samegestelde bnwe. gebruik het om in die behoefte aan swakbekletoonde lettergrepe te voorsien, waar hy die ongewone verboë vorme wou vermy. Hier is egter 'n paar interessante gevalle waar van Wyk Louw teen die algemene spreektaalgebruik in, die samegestelde bnw. nie verbuig nie, hoewel enkelvoudige bnwe. wel

verboë voorkom. Uit Die Halwe Kring:

„ in staal-blind selfgenoegzaamheid" (Aan die Skoonheid).

Uit Gestaltes en Diere:

„ ek voel die murg-sag wortels" (Die Hart op die Fees).

In albei gevalle wou die digter 'n kragtiger effek bereik as wat blinde en sarte sou gegee het. Hy gebruik dus 'n samegestelde bnw. en vind dat die verboë vorm van die bnw. nie alleen onnodig is nie, maar ook die ritmiese sal verstoer. Interessant is die gebruik van moels- sarte wortels in Raka, wat ons weer toon hoedat die digter hier nader staan aan die gewone Afrikaanse spreektaal. Dit is moontlik dat 'n onverboë vorm soos moelsag ook

attributief gebruik, in die Afrikaanse spreektaal voorkom en dat die reëlhierbo genoem nie altyd opgaan nie. Langenhoven gebruik in Sonde met die Bure, dus in prosa, die verbinding windskeef afdak, en 'n noukeuriger ondersoek sal miskien meer sulke gevalle aan die lig bring.

In die eerste afdeling van hierdie studie het ons gesien dat afgeleide bnwe. in die spreektaal altyd verbuig word - ook die wat gevorm is met die swaar agtervoegsels -baar en -saam (bv. 'n kosbare ring, 'n tydsame persoon). Dit opmerklik dat van Wjk Louw die woord eensaam byna altyd onverbuig gebruik, en ook die woorde swygsaam en kosbaar die enkele kere wat hulle songetref is. Ek het die volgende voorbeelde opgeteken uit Alloenspraak:

„ eensaam meester met die stille oog" (My Meester);

„ in die eensaam dal 'n eensaam graf" (Opstand)

Uit Die Halwe Kring:

„ hoon en skoonheid wat jou eensaam hart deurwasi" (Sluit toe jou Hart);

„ net hierdie eensaam wete" (Miskien ook sal ons sterwe).

Uit Raka:

„ en eensaam water wat branding was" (bl 26, r, 13). Ook die volgende voorbeeld van die onverboë swygsaam uit Die Halwe Kring:

„ swygsaam en streng soklate" (Ons moet die bitter taak).

En uit Gestaltes en Diere:

„ kosbaar grys gewaste saad van blomme" (Die S-art Luiperd).

Dat die digter eensaam byna altyd onverboë gebruik selfs in sy later werk, kan miskien verklaar word, deurdat die swaar uitgang op 'n lang vokaal plus konsonant die verlies van die buigings -te nie so opvallend maak nie. Ook vertoon die tweelettergrepige eensaam 'n mate van ooreenstemming met die verboë vorme van eenlettergrepige woorde

soos 'stil, wat so dikwels hier gebruik word.

In die voorafgaande studie het ek my spesiaal toegelêp die verbuiging van die b.w. soos dit in die Afrikaanse spreektaal voorkom en soos die skrywer N.P. van Wyk Louw dit in sy werk gebruik. Ons het ook gesien dat baie van die ouer Afrikaanse skrywers onder die invloed van die Nederlandse skryftaaltradisie, die verboë vorm van die b.w. gebruik het, teen die Afrikaanse spreektaalgewoonte in. Hierdie kloof wat gevolglik tussen die skryf- en spreektaal ontstaan het, was onbevredigend! Daarom is 'n figuur soos N.P. van Wyk Louw, wat gebreek het met die ou skryftaaltradisie en hom bewus of onbewus digter by die gewone Afrikaanse spreektaal aangesluit het, van so groot belang. En alhoewel dit hom ook tyd gekos het, vind ons dat hy in sy later werk soos Raka en Gestalties en Diere sy eie styl as uitdrukking van sy eie persoonlikheid, volleëig gevind het.

Dit sou interessant gewees het om die verbuiging van die b.w. na te gaan in die werke van die ander jonger digters. Staan hul ook wat die verbuiging betref, net soos N.P. van Wyk Louw, nader aan die gesproke Afrikaans? Maar dit sou ons te ver gevoer het.

=====

BOEKELYS

- =====
- C.L. Booysen e.a. :Die Nuwe Praktiese Grammatika (1940).
- D.B. Bosman en I.W. van der Merwe : Tweetalige Skoolwoordeboek (1938).
- Botha en Burger :Praktiese Afrikaanse Grammatika (1937).
- A.C. Bouman en E.C. Biestaar :Afrikaanse Spraakkuns (1935).
- Franck - Van Wijk :Etymologiese Woordenboek (1912).
- Dr. K. Holtvast :Beknopte Nederlandsche Spraakkunst (1905).
- C.J. Langenhoven :A First Guide to Afrikaans (1926).
- Dr. D.F. Malherbe :Afrikaanse Taalboek (1917).
- Dr. G.S. Overdiep :Moderne Nederlandsche Grammatica : (1928).
- Potgieter :Nuwe Afrikaanse Grammatika.
- Dr. D.C. Tinbergen :Nederlandsche Spraakkunst (1926).
- C.P. van der Merwe :'n Handleiding vir Sekondêre Afrikaans-Leerlinge (1941).
- O. van Oostrum :Afrikaanse Spraakkuns (1923)
- Afrikaanse Woordelys en Spelreëls van die Suid-Afrikaanse Akademie (1937).
- N.P. van Wyk Louw :Alleenspraak (Eerste druk 1935, 1943).
- Die Halwe Kring (Eerste druk 1937, 1942).
- Die Dioper Reg (Eerste druk 1938, 1938).
- Raka (Eerste druk 1941, 1945).
- Gesteltes en Diere (Eerste druk 1942, 1942).
- Berigte te Velde (1959).
- Lojale Verset (1939).
- H.A. Fagan :Die Ouderling. (1934).
- :Ousus.
- :Roibruin Blare.
- :Ruw Eerts.
- J.F.W. Grosskopf :Ou Leeumelker en ander Vertellings (1942).